

REDAKSIES

Kaapstad 
Redakteur: Adriaan Haak
haakfam@telkom.sa.net
Lede: Bianca Nicholson,
Elise Geerts, Henriëtte Geleijnse

Pretoria-Maranata 
Redaktrise: Hendriët Pouwels
wilmap@lantic.net
Lede: Cobus Kampman,
Wilna Kerkhoff
Finansies: Cornelia Kerkhoff

Pretoria 
Redaktrise: Mariëtte Bron
mariette@magalies.net
Lede: Liza de Vente, Ronald Kamphuis,
Sietze Snijder, Marjolein Stolper,
Ilze van der Westhuizen,
Arjan van Houwelingen
Administrasie: Janita Agema

Johannesburg 
Kontakpersone / Artikelversorgers
Pauline Seijdlitz, Marcia Anholts

ADMINISTRASIE


Taalversorger:
Mirjam de Vries
Voorblad & illustrasies:
Alex van Houwelingen
Uitleg: Marlene de Vente

Ons hoop om **Die Olielamp**
10 keer per jaar uit te gee. 
Indien u Die Olielamp per e-pos wil ontvang,
kan u inteken op die Internet by
<http://www.vgk.org.za/olielamp/subscribe.php>
Hierdie uitgawe is ook elektronies beskikbaar
by die volgende Internet adres:
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Redaksioneel

Welkom lesers,

“Uit boonste kamers ruis Gods reën,
die berge en aarde drink ’n seen;
die gras skiet vir die veedier uit,
en vir die mens ontluik die kruid:
die brood wat hom sy kragte voed,
die wyn wat hom sy smart versoet,
die olie wat sy aangesig,
deur leed verdof, met vreug verlig.
God gee die reën as sy hand
die wilde bome en seders plant,
wat wyd hul lommer opevou
en voëls nooi om nes te bou.”
(Ps 104: 8-10)

Die vakansie is alweer verby en ons gaan die lente-tydperk binne. God het ons weer ryklik met reën geseën en nou kan die plante weer lustig groei. God voorsien nie net in daardie opsig nie, maar voorsien ons ook met alles wat ons nodig het. Hy laat ons ook elke dag weer sien dat Hy vir ons sorg en in volle beheer van alles is. Laat ons Hom dus aanbid en loof en alles in Sy hande oorgee.

Laat ons ook die nood in ander raaksien en hulle help sover ons kan. Ons kan begin deur Johannesburg se gemeente te ondersteun en dakteëls te borg vir die pastorie.

Hierdie maand is ook ’n spesiale uitgawe. Ons het vir ’n paar buitelanders gevra of hulle artikels wil skryf vir die Olielamp. Daarom is dit hierdie maand ’n internasionale uitgawe. Hoop julle geniet die uitgawe! Ons sal ook graag van julle wil hoor as julle opbouwende kritiek het. Ons kan altyd verbeter en julle kan ons ook daarin help.

Kaapse redaksie
Adriaan

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	2
Uit die Woord	3
Matthéüs 5: 13-16	3
Let op die lelies van die veld (Matt. 6:28)	5
Oppad	6
Selfmoord	6
Bestaan God regtig?	7
Voel jy ook so?	8
'You Need Our Faith to Find Your Own'	8
Nederland	11
Ondervinding in Zuid-Afrika	11
Australia	12
What role does Christianity play in Australia?	12
Voetspore	13
Deur die sleutelgat	15

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 12 Augustus 2007

Uit die Woord

Matthéüs 5:13-16

Henri Luijk

Elke gelowige het 'n taak in die wêreld. Ons lewe in 'n wêreld vol gruwelike sondes en mense wat 'n struikelblok vir ons as gelowiges is. Jesus sê in die bergpredikasie dat ons nie afgesonder van hierdie mense moet leef nie. Ons gelowiges het 'n taak om te verhoed dat ongelowiges die gelowiges van God se Woord af wegtrek. Ons moet as kinders van God soos sout wees. Sout kan kos bederf. Jesus sê ons moet soos die sout wees, deur alle sondes en gruwelikhede wat in die wêreld aan die gang is teen te werk. Die vraag is nou, doen ons dit?

Al ooit 'n advertensie op televisie gesien wat reg teenoor Gog se Woord staan? Ja, daar is baie. Hoekom doen ons nie iets daarteen nie, soos bv. om 'n klage in te dien nie? Ons moet hierdie aardse dinge probeer stopsit. Dis mos wat God

van ons vra, nie waar nie? Ouers moet hulle kinders getrou opvoed in God se Woord. Die wêreld raak al hoe slegter en ons geloofslewe raak al hoe moeiliker. Kinders moet van kleins af geleer word om op die uitkyk te wees vir die gemors in die wêreld, sodat hulle ook kan keer dat die wêreld verder bederf.

Die beste genesing vir 'n wond is sout. Het jy al jou wond in soutwater geplaas? Dit brand baie, maar die wond genees. Net so moet ons nie ongelowiges op hulle foute en sondes wys nie. Dis nie ons taak om hulle met kritiek toe te snou nie. Wat ons wel moet doen, is om hulle met kennis van die Woord van die Heilige Gees tot 'n gelowige lewenstyl te genees. Ons woorde moet in elke gesprek blydskap verdubbel.

The Power of Prayer

*Moses prayed. His prayer did save
A nation from death and from the grave.*

*Joshua prayed. The sun stood still,
His enemies fell in vale and hill.*

*Hannah prayed. God gave her a son;
A nation back to the Lord he won.*

*Solomon prayed, for wisdom he asked.
God made him the wisest of men for the task.*

*Elijah prayed with great desire,
God gave him rain, and sent the fire.*

*Elisha prayed with strong emotion;
He got the mantle and a 'double portion'.*

*Jonah prayed. God heard his wail;
He quickly delivered him from the whale.*

*Three Hebrews prayed, through flames they
trod;
They had as a comrade the "Son of God."*

*Daniel prayed. The lion's claws
were held by the angel who locked their jaws.*

*Ten lepers prayed, to the priests were sent;
Glory to God! They were healed as they went.*

*The thief who prayed – for mercy cries;
He went with Christ to Paradise.*

*The disciples kept praying. The spirit came,
With "cloven tongue" and revival flame!*

*Conviction filled the hearts of men;
Three thousand souls were "born again!"*

*The Church, she prayed, then got the shock
When Peter answered her prayer with a knock!*

*Peter prayed, and Dorcas arose
To life again, from death's repose.*

*When Christians pray, as they prayed of yore,
With living faith, for souls implore,
In one accord, united stand –
Revival fires shall sweep the land!
And sinners shall converted be,
And all the world God's glory see!*

As jy nie dit as gelowige doen nie, is jy soos onsuiver sout. Daardie sout is nie bruikbaar nie en kan maar weggegooi word.

Ons word deur Jesus geroep om 'n lig vir die wêreld te wees. Met Jesus se Wet wat in ons harte is kan ons ware lig in ongelowiges se donker wêreld verskaf. Jesus vra nie van ons om self die lig te verskaf nie. Ons moet 'n voorbeeld van Jesus vir alle mense op aarde wees. As kinders van God kan ons christenskap nooit 'n geheim wees nie, maar dit moet soos 'n massiewe berg wees, wat almal kan sien.

As ons geen voorbeeld is vir mense of ongelowiges nie, is ons ook geen ware christene nie. Ons moet nie soos 'n lig waarop 'n emmer geplaas word wees nie, want dan gaan die lig af. Ons moet dus 'n voorbeeld vir ongelowiges wees. Ons moet 'n gids vir die mense wat in duisternis lewe wees. Ons moenie soos ligte vir vliegtuie op 'n aanloopbaan wees wat slegs rigting aandui nie, maar ons moet waarskuwend wees, soos 'n noodlig in tye waar dit lyk of iemand by 'n afgrond gaan afloop.

As ons soos soutende sout en liggende ligte voor ander lewe, sal daar positiewe resultate opgelewer word. Mense sien hoe God genade het vir Sy kinders. Hierdie mense wat God vantevoren miskien glad nie geken het nie, leer so van Hom. So word Sy Naam verheerlik.

In Mat. 4:16 word Jesus self die lig genoem. Die lig steek ons aan. Die krag van Jesus Christus is so groot dat mense daardeur verander word. Sout kan ook laf word en dan kan dit maar weggegooi word, want dan is dit nutteloos. As ons ons geloof verloor, kan God ons nie meer gebruik nie en wag daar 'n ewigheid van oneer vir jou. Dit klink baie erg, maar dis waar. Gelukkig kan dit voorkom word. As die Here Jesus ons so 'n sterke waarskuwing gee, is dit om ons "wakker te laat skrik". Die sout in Israel het nie sommer net smakeloos geword nie en ons verloor ook nie sommerso ons christelike krag nie.

Om by die Here te bly het ons die Bybel, kerk en jou eie oefening in die dien van die Here nodig. Jy hoef jouself ook nie te skaam omdat jy by die kerk behoort nie.

Vra jouself die volgende:

Besef ons ons roeping as gelowiges in hierdie lewe, of probeer ons om ons christen-wees geheim te hou, omdat ons bang is ons word gespot of dat ons ongewild raak?

Wanneer ons bid kan ons God vra vir die krag om te kan lewe soos God wil hê ons moet lewe, sodat ons 'n voorbeeld vir ander is, dat hulle ook deur God se genade verryk kan word. Vra dat God jou tot Sy eer sal gebruik.

Bronne:

1. Kom na my-L. Floor
2. Fokus op Matteus-Dr. Jan Venter
3. Preek-Ds. T.S. Huttenga

Let op die lelies van die veld (Matt. 6:28)

Peter Hamming

Ons het in Genesis van God onse Vader die opdrag gekry om die aarde te bewerk, te bewoon en te bewaar. Die Here gee ons die versekering dat HY vir ons sal sorg. Matteus 6:31 "Daarom moet julle nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie." Hierdie woorde word uit die skepping gemotiveer. Van Matteus 6:26 af. Hoe kyk ek en jy nog na wat om ons gebeur? Wie laat die bome en plante groei? Is dit ek en my skaapmis? Wat is my gevoel as ek deur 'n wildtuin gery het en geen dier gesien het nie? Hier gee ons die wildtuin-bestuur die skuld dat hulle te min diere aanhou vir ONS om te sien. En dis net hier waar ons al siende blind die boskonsert bekyk en aanhoor.



Hier teen die einde van Mei sit ek een middag en probeer soos 'n getroue student studeer. Dis juis in die tyd waar die onbekende voëls hul geluide net vir my begin sing het. Die kwikstertjie familie was besig om met swier en blydschap hul daaglikse brood te versamel (vliegies en wurmpies), juis voor my venster. Met moeite het die leerproses voortgesloer tot so teen 3 uur. Èrens in die omtrek het tiptolle hul verontwaardiging met oopgespande bekke verkondig. Toe die kwêvoëls op so 'n 'wat soek jy hier'-toon begin raas, was my boeke vergete en die verkyker in my hand. Met nadere ondersoek het ek oupa uil met sy vrou in die boom se skadu ontdek. Ewe rustig het hulle van hul middagslapie geniet, terwyl die koor hul misnoeë uitspreek oor oupa se keuse van rusplek. Hulle het seker geweet die raasbekke sal netnou moeg word en ophou om hulle so te beledig. Die aand het hulle op hul versameltog die stadstuine ingegaan, op soek na muis,

minwetend of dit die laaste muisgereg in hul lewe sal wees. Die mens strooi mos ondeurdag gif rond.

Rietvlei natuurresewaat is 'n vleiland gebied wat groot hoeveelhede water vir Pretoria lewer. Hier het ek die kokkerrotte van die veld op 'n ander manier leer ken. Het julle al van Ja-bokke gehoor? Ons noem hulle meestal maar blesbokke. Maar waar kom die naam Ja-bok vandaan? Tussen ons jeug is daar hopelik nog 'n paar mense wat weet hoe om skaapkop te kook. Eers die wurm uithaak en dan in die pan berei. Dis nou op hierdie noot wat ons ook kan sien dat die Here die blesbok genoeg verstand gegee het om sy verstand te beskerm. Elke keer as hierdie wurm te hoog klim begin die bok sy kop op en af te skud totdat dit weer vergenoeg gesak het. Met hierdie aksie doen hulle hul naam gesand as ja-bokke en terselfdertyd kry die wurm nie die kans om brein vir nagereg te kry nie.

Kom ons gaan nou see toe. Ook hier versorg die Here die diere. Hul grootte is vir Hom nie belangrik nie. Hulle is almal skepsels van Hom. In die see kom 'n sekere soort slakkie voor met 'n beskermingsmeganisme wat deur die mens ten duurste vir juwele aangekoop word. Hierdie juwele waarna ek verwys is die pèrels wat in 'n oester vorm. 'n Pêrel vorm tussen die skulp en die sagte liggaam van die oester. As daar in hierdie gedeelte enige vreemde stowwe inbeweeg, word hulle met 'n lagie bedek. Na 'n hele paar lagies neem die mens hierdie balletjie om sy vrou of vriendin bly te maak. Die manne kan na 'n stringetjie pèrels maar van die nuwe kar vergeet.

As julle nou komende Saterdag weer 'n bietjie in die tuin gaan rondkrap, kan julle gerus gaan kyk na die fyn besonderhede en detail wat die Vader geskep het. Kan jy nou nog twyfel aan die Here se bestaan? Kan die mens regtig uit sy eie die aarde so goed versorg?

Ek kan na al hierdie dinge net stil word en die Here in my hart loof en prys oor Sy magtige dade. As Hy die natuur so goed oppas, hoeveel te meer pas Hy ons, Sy ewebeelde, dan nie op nie?!

Selfmoord

Michelle Meeske

Om jou eie lewe te neem. Dit is om te besluit dat alles nou te veel geword het en dat jy niks meer kan hanteer nie. Het jy dit al ooit oorweeg? Het die gedagte al ooit by jou opgekom om net 'n einde aan alles te maak? Dis 'n baie ernstige saak, omdat ons lewe 'n kosbare geskenk van God is. Wat gebeur nou eintlik met so 'n persoon by die eindtyd? Hierdie is dalk 'n onderwerp wat jou nie regtig raak nie, maar dis belangrik om te besef dat dit wel realiteit is. Dit word nie ligtelik bespreek nie, en daar word ook soms neergekyk op diegene wat selfmoord gepleeg het of wil pleeg.

As 'n mens na die statistieke kyk, word jy met koue rillings wakker van die skokkende getalle. Wat sê God van al hierdie dinge?

Net om jou behoorlik bewus te maak van selfmoord in die wêreld, is die volgende statistieke:

- Die World Health Organization het na navorsing geskat dat sowat 500 000 mense per jaar selfmoord pleeg. Dis amper een persoon elke minuut!
- In Amerika eis selfmoord die 2de meeste lewens op, (ongelukke staan eerste) onder hoërskool- en kollege-studente. Asof dit nie genoeg is nie, het die selfmoordsyfers van persone tussen 15 en 24 jaar oud verdriedubbel tussen 1957 en 1992.
- Depressie is een van die grootste oorsake van selfmoord.
- Selfmoord word nie gepleeg wanneer depressie op sy ergste is nie, maar juis wanneer dit lyk asof die depressie lig. Een van die duidelikste tekens dat iemand wil selfmoord pleeg is verbale dreigemente. 'n Gewilde mite is dat mense wat so openlik oor selfmoord praat maar net aandag soek. Dit moet egter altyd ernstig opgeneem word.
- Daar is oor die algemeen twee motiewe wat mense tot selfmoord lei.

Die een is mense wat regtig hul lewe wil beëindig, omdat hulle opgegee het en die dood as die enigste uitweg sien. Die ander motief is slegs as 'n dreigement bedoel, sodat die persoon sy naaste kan manipuleer om na sy / haar pype te dans. Dis mense wat gewoonlik probeer om selfmoord te pleeg deur minder drastiese dinge te doen.

Sjoe!! Dit laat 'n mens wakker skrik. Ons moet egter oppas dat ons sulke mense nie oordeel nie.



Selfmoord in die Bybel

As 'n mens in die Bybel gaan kyk is selfmoord nie 'n onbekende verskynsel nie. In die OT het Saul, die eerste koning van Israel selfmoord gepleeg tydens 'n oorlog teen die Filistyne, omdat hy bang was dat hulle hom sou verneder en skend soos hulle voorheen met Simson gedoen het. So het hy 'n "hoogtepunt" bereik na 'n selfvernietigende lewe (1 Sam 31: 4). Daar is ook die voorbeeld van Judas Iskariot wat homself gehang het nadat hy besef het dat Jesus werklik die Seun van God is (Hand 1 : 15,16) en wat die Joodse Raad werklik met Hom wou doen.

Altwee hierdie mense het opgegee en nie kans gesien om verder te lewe nie. Pleeg ons nie maar elke dag moord in ons harte nie? Of jy nou iemand anders se lewe vat of joune, dit bly moord.

Wat sê die Bybel oor depressie?

God verbied moord in die Bybel (Ex 20:13). Dit is 'n sonde soos enige ander sonde. Selfs al word dit deur diep depressie veroorsaak. Tog is depressie nie 'n moderne ding nie. In die Bybel is daar verskeie mense wat in die donker dieptes van depressie geval

het en die dood as die enigste uitweg gesien het. Kyk maar na Job, hoe hy sy depressie beskryf :

" My dae is verby, my planne tot niet, die wense van my hart. Van die nag maak hulle 'n dag ; lig sê hulle, is naby vanweë die duisternis. As ek hoop op die doderyk as my huis; in die duisternis my bed uitsprei; die grafkuil toeroep: My Vader is jy; die wurms: My moeder en my suster, waar is my verwagting? Ja my verwagting, wie ontdek dit? Na die grendels van die doderyk sal dit neerdaal, wanneer daar tegelykertyd rus is in die stof." Job 17:10-16

Salomo beskryf depressie in Spreuke 25:20: "Soos een wat 'n kleed uittrek op 'n koue dag, soos asyn op loog, so is een wat 'n bedroefde hart met liedere verwelkom."

In Prediker kan ons ook agterkom dat die skrywer redelik depressief was oor die lewe self.

Ook lees ons in Psalm 69: 2-4 waar Dawid skryf van die "grondelose modder" waarin hy wegsink.

Wat gebeur by die dood?

Wanneer 'n mens sterf word die band tussen liggaam en siel verbreek. Die liggaam word begrawe en dit verrot. Die siel van 'n gelowige persoon gaan na die dood direk na Christus, waar dit in 'n bewuste toestand 'n voorlopige vreugde en saligheid geniet tot

die wederkoms. Die siel van 'n ongelowige gaan direk na die verdoemenis en ervaar voorlopige smarte en pyn tot die wederkoms. (Luk 16:19-32 Fil 1:21,23 1 Pet 3 : 9 Mat 22 : 31+32, Asook Heidelbergse Kategismus vraag en antw 57). Tog word die mens volgens sy werke geoordeel en dit sal alleen God se besluit wees wat met wie gebeur en elkeen sal ontvang volgens wat hy gedoen het (Pred 12: 14 en 2 Kor 5: 10).

Genade en rus by God

God is 'n genadige God en hy vergewe die sondes waar daar innige berou is. Hy het immers Sy Seun gestuur om as Middelaar vir ons op te tree. Soos dit in Rom 3:23 +24 gestel word: "*Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Jesus Christus is*". Dus kan ons met geruste harte ophou wonder wat met mense wat selfmoord gepleeg het gebeur want dis in God se hande en Sy liefde vergaan nooit, selfs al sien ons nie meer 'n uitweg nie. Hy sal Sy kinders altyd in Sy hand vashou al is hulle depressief en moeg vir die lewe. Hy het dit tog by die doop belowe!

"Want ek is verseker dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."

Bestaan God regtig?

Lois Boon

Hoe kan ek met sekerheid weet dat God werklik bestaan? Is daar grondige bewyse dat God bestaan? Ja, baie! In sy Woord en sy skepping is dit baie duidelik. Kom ons kyk bietjie daarna...

Ons as Christene weet dat God bestaan, omdat Hy Homself aan ons deur die skepping en in sy Woord openbaar. (NGB Art 2)

- Die skepping
Deur alles wat God gemaak het, onderhou en regeer op aarde, kan ons sien dat God regeer. Soos die NGB Art 2 sê: "die skepping is soos 'n mooi boek waarin skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare van God **duidelik** laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid." (Rom 1:20)
Dawid skryf ook hoe die skepping tot eer van God juig en Sy heerskappy verkondig. "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande" (Ps 19:2).
Wanneer ons self na die sterre kyk, die eindeloosheid van die heelal probeer verstaan

en die wonders van die natuur sien, dan kan ons net van ons Skepper, ons God, getuig.

- Die Bybel
God maak Homself bekend deur sy Heilige en Goddelike Woord. Gen 1:1: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape."
Ex 3:14: "EK IS WAT EK IS."
Wanneer iemand 'n outobiografie skryf, word daar nie tyd gemors om sy/haar bestaan eers te bewys nie. Die outeur se bestaan word vanselfsprekend aanvaar.
God openbaar Homself ook aan ons deur sy Seun, Jesus Christus. Hy wat die Woord self is en lewend geword het. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." en " die Woord het vlees geword en onder ons gewoon..." (Joh 1:1, 14).
Jesus leer aan Thomas dat elkeen wat Hom (Jesus) ken, ook God die Vader ken. (Joh 14: 6-11)
Tydens Jesus se lewe op aarde, het Hy al die Ou Testamentiese wette nagevolg en die profesieë aangaande die Messias vervul. Hy

het ontelbare wonderdade verrig om Sy prediking te bevestig en van sy Godheid te getuig. Drie dae na sy kruisiging, het Hy opgestaan uit die dode, 'n feit wat deur honderde ooggetuies bevestig is (1 Kor 15:6). Hierdie historiese rekord gee meer as genoeg 'bewyse' van wie Jesus is.

Die bestaan van God hoef nie wetenskaplik bewys te word nie. God se Woord sê alles. Die Bybel sê dat ons deur geloof weet dat God bestaan. Die geloof is mos 'n vasstaande **kennis** en vaste **vertroue**. "En sonder die geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek." (Hebr 11:6). Die Heilige Gees help ons en skenk aan gelowiges dié geloof. Jesus sê aan Thomas: "Omdat jy my gesien het, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het."

Ten spyte van God se duidelike openbaring in die skepping en in sy Woord, sal mense dit altyd verwerp en in plaas daarvan 'n leuen glo. Die Bybel maak ook

duidelik dat mense geen verskoning het om nie in God te glo nie. "...sodat hulle geen verontskuldiging het nie" (Rom 1:20). In Heb 11:6 kan ons dus sien dat God wil hê dat ons Hom erken. Watter ander bewyse het ons nog verder nodig? Werklik niks anders nie!

Afsluiting: Skrifberyming 34:1

Die HEER is God, 'n eenge HEER;
Die HEER is God, en niemand meer.
Erken dit alle volke,
Van waar die sonlig smôrens blink
Tot waar dit in die purper sink
Van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy **formeer**
Die dag en nag wat wend en keer
Na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort,
Hul luister na sy almagswoord –
Die HEER **doen al dié dinge**.

🎯 Voel jy ook so?

'You Need Our Faith to Find Your Own'

Jan Geerts

A British preacher once said that persecution was the devil's second-best tactic. His best tactic is materialism, and we in the West have been sleepwalkers in our faith for too long, forgetting in the midst of a life of material ease and manic busyness that we are even in a spiritual battle.

What Does Contemporary Persecution Look Like?

The Dying, the Creeping and the Squeezing

The Dying:

Even within the persecuted church, the vast majority of Christians are not martyrs and never will be. If all you focus on is the story of the martyrs, you will never understand the story of the persecuted church! Martyrdom is the dazzling tip of the iceberg that hides the dark bulk of the body.

The Story of a martyr delivers two shocks to the spiritual system with a voltage we cannot receive from any other group of Christians.

First, there is an unveiling effect. A martyr story unveils the stark and dangerous nature of the conflict all Christians become a part of when they turn to Christ. We suddenly realize the world is a battleground, not a playground, and the gospel is dangerous thing, not just a comforting thing. Indeed,

this gospel we profess could get us killed! We realize with a shudder, that this could happen to us, because we belong to the same gospel, and the foes of that gospel are powerful and crazed with hate.

Second, there is an inspiring effect. A martyr is someone who loves the truth more than life itself, and we are forced to ask of ourselves: "Do I come up to that standard?" We re-evaluate our priorities in the light of the actions of someone who clearly knew that the gospel was the most important truth in the entire universe, and we reconnect through that person's sacrifice with the vast cosmic dimensions of the gospel, rescuing us from more trivial appreciations of its power. A martyr requires us to recall why it is worth dying for the Christian gospel.

The Creeping:

To put it more biblically, antichrists are adept at masquerading as angels of light. We think that we will spot a crude ideology of hate, but in practice the persecuting justification is often cloaked in a beguiling lie that is quite popular and appealing. In Nazi Germany one of these successful lies was, "Why can't Germany just be run by Germans, rather than Jews who do not like us?" In modern India the lie was, "We have to stop the Muslims taking over our Hindu country." Even under slogans as apparently innocuous as, "We have to

make our country strong," or "We have to make the world safe for our way of life," persecuting ideologies can take shelter and then arise to make the world suddenly unsafe for religious minorities.

We may think we will be alerted by millions on the march shouting, "Death to Christians!" In reality it does not take millions to create a climate of persecution. Often it is a tiny elite who manipulates some handpicked mobs, and they manufacture a chaos that leverages them into power. Persecutors are clever, sinister figures, which shoot their arrows from the shadows (Ps. 11:2). Few vote for persecution knowingly. Persecutors gain power by spinning an elaborate deception, and only when the prey is caught in their web do they reveal their venom.

The creeping nature of persecution results in three historical facts about Christians and persecution that are rarely acknowledged:

- Rarely does persecution come the way we expect it.
- We often don't see it coming at all.
- When it comes, we see that we are partially responsible for its appearance.

This third realization cuts the deepest. The fact is, extremists who fuel persecution exploit a vacuum created for them. Because "evil triumphs when good men do nothing," extremists end up centre stage because of a failure of the forces of moderation. Hitler gained power because Germany was bankrupt, and the political moderates could not restore stability.

The Squeezing:

China – persecution is like a bamboo brush. Contemporary persecution looks a bit like a Chinese brush. A number of bamboo leaf spines are gathered together at the top with twine, and the bottom fans out to form a brush. When dust and dirt is brushed up, several strands are in contact with the dirt. It is the same with persecution! Every single act of persecution has multiple causes. When a person is persecuted, it's usually for more than one reason. Three or four strands of the "persecution brush" will hit them at the same time.

Why is this important? Because if we are unaware of which type of persecution is occurring, our intervention to help the persecuted Christian may well end up doing more harm than good!

Persecution from the ideology, government, family, culture, church, corrupt individuals, over boldness.

What Is Persecution?

Everybody thinks they know what persecution is. But the moment someone says, "Oh, Sally is persecuted," or "Herbert is a martyr," howls of protest can be heard. It's just a fact of life that whenever you use the term persecution, it is usually followed by a storm of controversy over whether the use of the term was justified.

You'd think it would be simple. Persecution is Christians getting stuffed into black vans at midnight in cold war Berlin. It's Christians getting beaten up in the streets by hate-crazed Muslim mobs in Indonesia or Pakistan. It's Christians languishing in labour camps in North Korea, forbidden to raise their eyes to the sky. But is it

also the young man in California who was cut out of his Jewish father's will because he became a Christian? Is it also the health worker in the United Kingdom sacked by the local authority because she prayed with a client?

It's not simple, and can get difficult to get a legal and Biblical definition, and with no space in this article.

Simply Christian persecution is any hostility, experienced from the world, as a result of one's identification with Christ. This can include hostile feelings, attitudes, words, and actions.

In early 2002 three Westerners visited a house church in Beijing. This house church always started the meeting with the same question posed to each member: "What are your wounds for Christ this week?" When the Western Christians turn came, they said, "Oh, we don't really have wounds; we live in free countries, you see." There was a long silence. Then a woman spoke up and, with more innocence than irony, said, "You, in free countries you don't fight a spiritual battle?" The house-church leader thought about all this and then said very gently to his visitors, "Your wounds may not be as gory as ours, but all Christians are asked to carry a cross. That cross will bring you wounds, but take this from us those wounds will bring you joy. That's the great paradox of persecution: while the wounds will not lose their pain, they will bring Jesus close in a way no other experience can."

Where Is the Persecuted Church?

What we can state with utter certainty is this: wherever you go in the world today, there is a source of persecution near you! Four great global sources stalk the world, spawning myriad forms of contemporary persecution of Christians. These are religious nationalism, Islamic extremism, totalitarian insecurity, and secular intolerance.

Religious Nationalism

Religious nationalism exists where a particular territory or culture is staked out exclusively in religious terms, and the leaders say, for example, "Only Hindus can stay in India," or "Croatia is for Catholics: only," or "You are only a true Sri-Lankan if you are a Buddhist." In states that define themselves around Hinduism, Buddhism, or Islam, either Christians must accept second-class-citizen status, facing daily discrimination, or worse, they have to get out.

Islamic Extremism

Some might wonder why Islamic extremism is not included in the religious nationalism category. The reason for separating it is that the dynamics are very different, as we shall see, and ultimately the vision of Islamic extremists is pan-national. They want the whole world to be Islamic. They want all races to become Muslims. The faith is strongly missionary.

Totalitarian Insecurity

A totalitarian state is one in which the political leaders dominate every aspect of society. No one is allowed to organize outside of state control. Ironically, despite all this power, it is fear in these states that motivates the persecution of Christians. Christians are a threat to a totalitarian state simply because they refuse to be

dominated. States like this include what is felt of the Communist bloc: Cuba, and the four Communist states of Asia-China, Vietnam, Laos, and North Korea. These countries have a quarter of the world's population.

Secular Intolerance

I don't think we talk enough about secular intolerance, perhaps because it doesn't have a roll call of martyrs yet, but it is an up-and-coming source of persecution for sure. Frankly the democratic Western bloc is becoming more intolerant of evangelistic religions. Words like evangelistic campaign and proselytization are becoming loaded terms, conjuring up images of narrow-minded fundamentalists who want to "shove religion down our throats." These two facts alone will do it.

